

BLOU-EN-GROEN-  AfriForum

DRUPPELPROJEKVERSLAG



NOVEMBER 2023

Hierdie verslag is opgestel deur Marais de Vaal en Lambert de Klerk.
Die blou-en-groendruppelprojek is deel van AfriForum Gemeenskapsselfstandigheid se
#SkoopWater-inisiatief.

INHOUD

Inleiding	4
Die feite.....	4
Die wet.....	5
AfriForum se blou-en-groendruppelprojek.....	5
Metodologie	6
Toetsstel.....	6
Steekproef.....	6
Neem en hantering van watermonsters	7
Rapportering van toetsuitslae.....	7
Kriteria vir veilige drinkwater en verwerkte rioolwater	7
Resultate	10
AfriForum se blou- en groendruppeluitslae.....	10
Vergelyking met DWS se blou- en groendruppeluitslae	13
AfriForum se groendruppeluitslae	13
Vergelyking met DWS se groendruppeluitslae.....	18
Aksieplan	19
Samevatting.....	20
Bylaag 1: Volledige blou- en groendruppeluitslae (2019–2023).....	21
Bylaag 2: Volledige groendruppeluitslae (2019–2023).....	35

INLEIDING

Die feite

Dit is 'n algemene feit dat Suid-Afrika 'n waterarm land is.¹ Besoedeling, uiterste weersomstandighede en die benarde toestand van drinkwater- en rioolwaterinfrastruktuur, tesame met 'n groeiende vraag na water, plaas toenemende druk op die voorsiening van skoon drinkwater.

Die wanbestuur van die land se waterhulpbronne het 'n kritieke punt bereik, met inwoners wat ernstige gesondheidsrisiko's in die gesig staar en swaarkry as gevolg van die gebrek aan water. Die simptome hiervan is oral sigbaar: talle dorpe wat weke en selfs maande lank watertekorte ervaar; die daaglikse besoedeling van riviere met rou riool wat vrylik uit mangate, stukkende pompstasies en wanfunksionele rioolafvalwaterbehandelingswerke (RAWBW) vloei; en die ongelukkige en kommerwekkende uiteinde daarvan – die uitbreking van cholera in Mei 2023 in die Vrystaat en Gauteng, wat tot die dood van 47 mense gelei het.² Boonop is die regering se traagheid om daadwerklik op te tree en grootskaalse korrupsie verdere uitdagings wat die behoorlike oplossing van die krisis belemmer.

Suid-Afrika is nie uniek in die wateruitdagings wat ons in die gesig staar nie, maar ons sal opnuut oor ons gebruik en die bestuur van water moet dink, voordat die tekort aan water ons daartoe dwing. Ten spyte van ons waterskaarste is die gemiddelde Suid-Afrikaanse watergebruik 235 liter per capita per dag (ℓ/c/d), veel hoër as die wêreld se gemiddelde watergebruik van 180 ℓ/c/d.³ Die Wes-Kaap, en Kaapstad in die besonder, is in 2018 genoodsaak om ingrypende waterbeperkings van 50 ℓ/c/d in te stel. Dit is ook onaanvaarbaar dat 46,4% van die beskikbare drinkwater aan munisipaliteite op nasionale vlak verlore gaan as gevolg van lekkasies in die verspreidingsnetwerk.⁴ Daarom moet ons proaktiewe oplossings vind om die buitengewone uitdagings wat ons rondom die volhoubare bestuur van waterhulpbronne in die gesig staar, die hoof te bied.

AfriForum speel 'n toenemend belangrike rol om hierdie oplossings te vind en om gemeenskappe in staat te stel om hulself teen swak staatsdienslewering te beskerm, veral ten opsigte van die voorsiening van water. Verskeie AfriForum-takke het reeds noodwaterpunte opgerig waar skoon drinkwater by privaat bronne beskikbaar gestel

word en munisipale boorgate in krisistye herstel word om watervoorsiening te verbeter. Hierdie oplossings bring noodsaaklike korttermynverligting op plekke wat waternood ervaar, en AfriForum se takke word aangemoedig om proaktief op te tree en noodwaterplanne vir hulle dorpe te ontwikkel.

Verder is AfriForum verbind tot navorsing oor en die strewe na onafhanklike oplossings en die privatisering van waterstelsels onder toesig van die staat (as beskermers van die land se waterbronne). So moet daar byvoorbeeld tegnieke en metodes gevind word om water vir veelvuldige doeleindes te gebruik. Dieselfde 1 liter water van drinkwatergehalte wat na verbruikers gestuur word, kan nie vermors word deur dit net een maal te gebruik en dan weg te spoel nie – dit moet 'n gepaste tweede en derde gebruiksfunksie hê.



Figuur 1: 'n Noodwaterpunt wat deur 'n AfriForum-tak opgerig is

¹ Centre for Environmental Rights. 2018. *Development, health and well-being depend on water: Why we must secure our water source areas now*. Besikbaar by https://cer.org.za/wp-content/uploads/2017/11/CER_Water-Source-Book_WEB-Version.pdf. Geraadpleeg op 12 Oktober 2023.

² South African Government News Agency. 2023. *Cholera death toll rises to 47 after four new fatalities recorded*. 5 Julie. Besikbaar by <https://www.sanews.gov.za/south-africa/cholera-death-toll-rises-47-after-four-new-fatalities-recorded>. Geraadpleeg op 12 Oktober 2023.

³ Department of Water and Sanitation. 2017. *Benchmarking of water loss, water use efficiency and nonrevenue water in South African municipalities (2004/05 to 2015/16)*. Besikbaar by <https://africacheck.org/sites/default/files/National-benchmark-2017-09-12-final.pdf>. Geraadpleeg op 12 Oktober 2023.

⁴ Department of Water and Sanitation. 2023. *No drop watch report 2023*. Besikbaar by <https://ws.dws.gov.za/IRIS/releases/NDWR.pdf>. Geraadpleeg op 12 Oktober 2023.

Die wet

Die Grondwet van Suid-Afrika maak in artikel 24 voorsiening vir 'n omgewing wat nie skadelik vir die gesondheid of welsyn van mense is nie. Dit poog om die omgewing vir huidige en toekomstige geslagte te bewaar en te verhoed dat besoedeling of ekologiese agteruitgang plaasvind. Dit is daarop gemik om omgewingsbewaring en ekologies volhoubare ontwikkeling te bevorder.

Artikel 27(1)(b) bepaal dat elke mens die reg het op toegang tot voldoende water en dat hierdie reg progressief moet verbeter.

Ingevolge artikel 156 en Deel B van Bylae 4 van die Grondwet beskik munisipaliteite oor die uitvoerende gesag oor en die reg op die administrasie van water- en sanitasiedienste. Hierdie reg is beperk tot drinkwaterspreiding- en plaaslike afval- en riooluitvloeiensels.

Op nasionale vlak is die Departement van Water en Sanitasie (DWS) verantwoordelik om waterskaffing en waterhulpbronne te bestuur en te ontwikkel.

AfriForum se blou-en-groendruppelprojek

Die gesondheid van natuurlike waterhulpbronne het 'n groot impak op die voorsiening van drinkwater wat aan die gehaltestandaarde vir veilige menslike gebruik voldoen.

AfriForum se #SkoopWater-inisiatief is in 2013 gebore vanuit die leemte wat gelaat is nadat die DWS opgehou het om nasionale blou- en groendruppel-toetsverslae bekend te maak. Met die DWS se nasionale blou- en groendruppeltoets word 'n omvattende risiko-analise van die hele land se

drinkwateraanlegte onderneem, terwyl groendruppeltoets 'n diepgaande oudit van alle RAWBW is. Voordat die DWS in 2022 vir die eerste keer sedert 2012 weer 'n nasionale groendruppelverslag asook 'n blou- en groendruppelvorderingsverslag (wat die risiko van watervoorsieningstelsels gegradeer het) bekend gemaak het, en meer onlangs in 2023 verdere interim-blou- en groendruppelverslae gepubliseer het, het die DWS bykans 'n dekade lank geen amptelike nasionale blou- en groendruppeluitslae bekend gemaak nie.

Sonder betroubare inligting oor die gehalte van Suid-Afrika se drink- en rioolwater is AfriForum gedurende hierdie tydperk genoodsaak om sy eie, onafhanklik blou- en groendruppelprojek van stapel te stuur om die gehalte van drinkwater (blou- en groendruppel) en verwerkte rioolwater (groendruppel) te monitor. Hiervoor is 'n jaarlikse, landswye steekproef van toetse onderneem om gemeenskappe 'n aanduiding te gee of drink- en rioolwater aan wetlike standaarde voldoen en dus of daar enige gesondheidsrisiko's bestaan. Só het AfriForum die strewe na positiewe verandering in die bestuur van waterinfrastruktuur en -hulpbronne, asook om betrokke amptenare verantwoordbaar te hou, bevorder.

Verder het die volgehoue druk wat AfriForum jaar na jaar op die DWS deur middel van die blou- en groendruppelprojek toegepas het, ook bygedra tot die hervatting en bekendmaking van die DWS se amptelike nasionale blou- en groendruppeltoets. Hoewel die DWS sy nasionale blou- en groendruppelprojek hervat het, bly AfriForum se jaarlikse onafhanklike blou- en groendruppeltoetsverslag relevant, omdat die resultate hiervan met die DWS se amptelike resultate vergelyk kan word. Daardeur vervul AfriForum 'n belangrike waghondfunksie waardeur verdere druk op die DWS en munisipaliteite toegepas kan word om hulle tot verantwoording te roep.



METODOLOGIE

Toetsstel

Die toetsstel wat vir AfriForum se blou-en-groendruppeltoetse gebruik word, is in samewerking met geakkrediteerde spesialiswaterkundiges- en navorsers van die maatskappye iWater Solutions en iLab ontwikkel. Dit is ontwerp vir nie-wetenskaplike gebruikers om 'n basiese, aanduidende bepaling van waterkwaliteit te doen. AfriForum streef elke jaar daarna om die toetse te verbeter en te verfyn. Die toetsstel wat in 2023 gebruik is, bevat die volgende ses komponente, elk met 'n rakleef tyd van tot twee jaar:

- 6-in-1 chemiese toetsstrook
- Fosfaattoetsstrook
- Nitraat/nitriet-toetsstrook
- Metaaltoetsstrook
- Petrifilm (*E. coli*- of kolivormetelplaat)
- Aqua screen

Elke toetsstel is ook toegerus met 'n volledige instruksiehandleiding om te verseker dat toetse korrek uitgevoer word en monsters korrek hanteer en geberg word.

Met hierdie toetsstel word daar op 'n maklike wyse vir die teenwoordigheid of afwesigheid van die onderstaande chemiese en bakteriologiese komponente getoets, wat aandui of die water veilig vir menslike gebruik of skadelik vir die omgewing kan wees:

- Chemiese komponente:
 - Totale hardheid
 - Totale chloor
 - Vrye chloor
 - Bromien
 - Totale alkaliniteit
 - Nitraat

- Nitriet
- Fosfate
- Metale
- Mikrobiologiese komponente:
 - *E. coli*⁵
 - Fekale kolivorme bakterieë
 - Kolivorme bakterieë



Figuur 2: AfriForum se toetsstel om watergehalte te toets

Steekproef

Gemeenskapsprojekte soos die blou-en-groendruppelprojek word uitgevoer deur AfriForum se netwerk van 161 takke regoor die land. Deelname aan die blou-en-groendruppelprojek is vrywillig, maar soos tevore is alle takke landswyd versoek om waterkwaliteitmonsters van hulle munisipale drinkwater sowel as die uitvloei van verwerkte rioolwater vanuit hulle plaaslike RAWBW te neem. AfriForum se takke het vooraf hulle plaaslike munisipaliteite oor die projek ingelig en hulle toestemming en samewerking versoek.

⁵ Ingevolge SANS 241:2015 *National Standard for Drinking Water*, mag geen *E. coli* in drinkwater voorkom nie.



Figuur 3: AfriForum se Marais de Vaal en Lambert de Klerk doen bloudruppeltoetse by Laerskool Warmbad

Neem en hantering van watermonsters

Om te verseker dat die korrekte toetsprotokolle gevolg word by die neem en hantering van watermonsters, is AfriForum se takverteenwoordigers bygestaan, en waar nodig vergesel deur, AfriForum se koördineerders en verskeie ander belanghebbendes, insluitend munisipale amptenare, die media en diensverskaffers. Deelnemers het deur middel van 'n WhatsApp-groep direkte toegang tot spesialiswaterkundiges van iWater Solutions en iLab gehad om bystand te verleen. Deelnemers is ook aangemoedig om foto's van die verskillende toetsstappe as bewyse te neem en op hierdie wyse die projek se geloofwaardigheid te verhoog.

Rapportering van toetsuitslae

AfriForum het in samewerking met iWater Solutions en iLab 'n aanlyn platform ontwikkel waarop deelnemers al die toetsuitslae ingelees het. Toetsuitslae word deur die platform

geanaliseer en indien die toelaatbare perke van enige van die komponente van onderskeidelik veilige drinkwater of verwerkte rioolwater oorskry is (sien hieronder), word dit outomaties as "onveilig" gemerk. Daarna is die gemerkte toetsuitslae met die hand nagegaan en geverifieer. Indien verifikasie van 'n drinkwateruitslag bevestig dat dit "onveilig" is, is takke aangeraai om 'n verdere watermonster vir volledige laboratoriumanalise te neem sodat gepaste remediërende stappe in samewerking met die betrokke munisipaliteit gedoen kan word.

Kriteria vir veilige drinkwater en verwerkte rioolwater

- Drinkwater

Die kriteria waarteen die veiligheid van drinkwater getoets word, word bepaal deur die SANS 241:2015 Nasionale Standaard vir Drinkwater.

Tabel 1: Belangrikste komponente vir veilige drinkwater⁶

TOETS	VEILIG	ONVEILIG
Petriefilm: <i>E. coli</i>	Geen blou kolletjies	Een of meer kolletjies/kolonies
Petriefilm: Kolivorme	Minder as 2 rooi kolletjies	Meer as 2 rooi kolletjies
Aqua Screen	Water bly geel kleur	Water word 'n swart kleur
Nitriet	Minder as 1 dpm	Meer as 1 dpm
Nitraat	10 dpm of minder	20 dpm en meer
Fosfaat	10 dpm of minder	25 dpm en meer
pH	Tussen 6 en 9	Minder as 6 of meer as 9

Bloudruppeluitslae wat voldoen aan die relevante perke vir veilige menslike gebruik, word in die resultate as “**Veilig**” aangedui, maar indien een of meer van die relevante perke oorskry is, word dit as “**Onveilig**” aangedui.

- Verwerkte rioolwater

Die kriteria waarteen die veiligheid van verwerkte rioolwater getoets word, word bepaal deur die “*Algemene magtiging vir die storting van afval, of water wat afval bevat, in 'n waterhulpbron*” wat kragtens artikel 39 van die Nasionale Waterwet (Wet 36 van 1998) uitgereik is.⁷ Let op dat die algemene magtiging slegs as 'n minimum riglyn gebruik word, omdat elke rioolafvalwatersuiweringswerke ingevolge die Nasionale Waterwet oor 'n watergebruikslisensie moet beskik waarin meer spesifieke vereistes as die algemene magtiging gestel kan word.

Tabel 2: Belangrikste komponente vir veilige verwerkte rioolwater⁸

TOETS	BESOEDEL
<i>E. coli</i> en totale kolivorme	10 of meer rooi en blou kolletjies
pH	Minder as 6 of meer as 9
Fosfaat	25 dpm en meer
Nitraat	20 dpm en meer

Groendruppeluitslae wat voldoen aan die relevante perke vir verwerkte rioolwater wat in 'n waterhulpbron gestort word, word in die resultate as “**Skoon**” aangedui, maar indien een of meer van die relevante perke oorskry is, word dit as “**Besoedel**” aangedui.

⁶ i-Lab. S.a. *Watertoetsstel: Basiese toetsstel vir nie-wetenskaplike veldwerkers*. Gedrukte handleiding. Beskikbaar by AfriForum.

⁷ Department of Water and Environmental Affairs. 2013. *Revision of general authorisations in terms of Section 39 of the National Water Act, 1998 (Act No. 36 of 1998)*. Beskikbaar by <https://cer.org.za/wp-content/uploads/2014/02/Revision-of-General-Authorisations-2013.pdf>. Geraadpleeg op 12 Oktober 2023.

⁸ i-Lab. S.a. *Watertoetsstel: Basiese toetsstel vir nie-wetenskaplike veldwerkers*. Gedrukte handleiding. Beskikbaar by AfriForum.



Figuur 4: Die uitloop van 'n RAWBW word getoets

RESULTATE

AfriForum se blou- en groendruppeluitslae

'n Oorsig van die 2023-blou- en groendruppeluitslae word in hierdie gedeelte aangebied. Die volledige blou- en groendruppeluitslae word in bylaag 1 uiteengesit.

Gedurende Augustus 2023 is die gehalte van **193** dorpe en stede regoor die land se munisipale drinkwater deur AfriForum getoets. Op nasionale vlak dui **96%** (185 uit 193 toetse) van die blou- en groendruppeltoetse aan dat munisipale drinkwater **veilig** vir menslike gebruik is.

Die provinsies wat die beste gevaar het, elk met 100% van toetse wat aangedui het dat munisipale drinkwater **veilig** vir menslike gebruik is, is:

- Limpopo (13 toetse)
- Noordwes (24 toetse)
- Noord-Kaap (14 toetse)
- Oos-Kaap (9 toetse)
- Wes-Kaap (35 toetse)
- Gauteng (24 toetse)

Daarbenewens toon die Noord-Kaap se uitslae 'n verbetering teenoor 2022, toe die uitslae aangedui het dat Kuruman en Upington se drinkwater onveilig was, maar 2023 se uitslae toon dat albei dorpe se drinkwater veilig is.

Die provinsies waar toetsuitslae aangedui het dat munisipale drinkwater **onveilig** is, is:

- Mpumalanga, waar slegs 86% van toetse (30 uit 35 toetse) aangedui het dat drinkwater veilig is, ofte wel 14% van toetse (5 uit 35 toetse) het aangedui dat munisipale drinkwater onveilig is. Dit is 'n noemenswaardige verswakking teenoor die voorafgaande vier jaar se toetse, omdat daar voorheen geen onveilige

uitslae in Mpumalanga aangeteken is nie.

Die dorpe waar blou- en groendruppeltoetse aangedui het dat drinkwater **onveilig** is, is:

- Amersfoort (Pixley Ka Seme PM)
- Barberton (Mbombela PM)
- Breyten (Msukaligwa PM)
- Morgenzon (Lekwa PM)
- Sabie (Thaba Chweu PM)

- Vrystaat, waar 93% van toetse (25 uit 27 toetse) aangedui het dat drinkwater veilig is, ofte wel 7% van toetse (2 uit 27 toetse) het aangedui dat munisipale drinkwater onveilig is.

Die dorpe waar blou- en groendruppeltoetse aangedui het dat drinkwater **onveilig** is, is:

- Koppies (Ngwathe PM)
- Parys (Ngwathe PM)

- KwaZulu-Natal, waar 92% van toetse (11 uit 12 toetse) aangedui het dat drinkwater veilig is, ofte wel 8% van toetse (1 uit 12 toetse) het aangedui dat munisipale drinkwater onveilig is.

Die dorp waar blou- en groendruppeltoetse aangedui het dat drinkwater **onveilig** is, is:


- Vryheid (Abaqulusi PM)

'n Opsomming van die uitslae per provinsie word in Tabel 3 en die kaarte in Figuur 5 en Figuur 6 hieronder uiteengesit.


Tabel 3: Blou- en groendruppeluitslae per provinsie

PROVINSIE	Aantal toetse	Aantal veilig	Aantal onveilig	% Veilig	% Onveilig
Limpopo	13	13	0	100%	0%
Gauteng	24	24	0	100%	0%
Mpumalanga	35	30	5	86%	14%
Vrystaat	27	25	2	93%	7%
Noordwes	24	24	0	100%	0%
KwaZulu-Natal	12	11	1	92%	8%
Noord-Kaap	14	14	0	100%	0%
Oos-Kaap	9	9	0	100%	0%
Wes-Kaap	35	35	0	100%	0%
Nasionaal	193	185	8	96%	4%


Die blou- en groendruppeluitslae van 2019–2022 word ook in hierdie verslag vervat sodat dit met die 2023-uitslae vergelyk kan word. Vorige jare (2013–2018) se uitslae kan beskikbaar gestel word op versoek. In Grafiek 1 word die blou- en groendruppeluitslae van die afgelope vyf jaar (2019–2023) aangedui.



Grafiek 1: Blou- en groendruppel- (drinkwater) uitslae vir 2019–2023



Figuur 5: % Bloudruppeltoetse per provinsie wat **veilige** drinkwater aandui



Figuur 6: % Bloudruppeltoetse per provinsie wat **onveilige** drinkwater aandui

Vergelyking met DWS se blou- en groendruppeluitslae

Die DWS se interim-blou- en groendruppelverslag wat in Junie 2023 bekendgemaak is, toon die volgende resultate ten opsigte van 'n steekproef van 151 watervoorsieningstelsels (WVS) wat geassesseer is:⁹

- Die bevindinge weerspieël 'n oorsig van WVS wat besit en bestuur word deur 140 munisipaliteite en 26 waterrade en grootmaatwaterverskaffers.
- 'n Gemiddelde tegniese terreinassessering (TTA) van 69% is behaal, wat daarop dui dat die infrastruktuur en proses gedeeltelik funksioneel is en gemiddeld presteer.
- Uit die 151 WVS is 128 (85%) in 'n gemiddelde, goeie, en uitstekende toestand, terwyl 23 (15%) in 'n swak en kritieke toestand is.
- Die waterstelsels wat oor die algemeen die beste gevaar het, is in Gauteng, die Wes-Kaap en die Oos-Kaap.
- Die waterstelsels wat in 'n kritieke toestand is, is in die Vrystaat, Limpopo, die Noord-Kaap en Noordwes.
- Die kosteberaming om hierdie wanfunksionele stelsels te herstel of op te knap beloop R1,5 miljard, waarvan die grootste gedeelte gebruik moet word deur die Vrystaat en KwaZulu-Natal.
- Drinkwatergehalte-ontledings dui daarop dat 38% en 11% van die stelsels onderskeidelik 'n uitstekende of goeie mikrobiologiese gehalte het, terwyl 51% van die stelsels 'n swak of slegte mikrobiologiese watergehaltestatus het. Wat chemiese gehalte betref, voldoen 16% en 14% van die stelsels onderskeidelik aan uitstekende en goeie watergehalte, terwyl die oorgrote meerderheid (71%) daarin misluk het om aanvaarbare chemiese gehaltestandaarde te bereik.

- 13 WVS het geen watergehaltestatus rapporteer nie, of geen data was opgelaaai of beskikbaar ten tyde van die audit om gehalteontledings moontlik te maak nie.

Dit is opmerklik dat die DWS se blou- en groendruppeluitslae op groter probleme met betrekking tot wanvoldoening aan drinkwatergehaltestandaarde as AfriForum se blou- en groendruppeluitslae dui. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die DWS se analise meer omvattend as AfriForum se blou- en groendruppeltoetse was, wat slegs 'n aanduiding van watergehalte ten opsigte van die mees kritieke komponente vanuit 'n akute gesondheidsoogpunt gee.

AfriForum se groendruppeluitslae

'n Oorsig van die 2023-groendruppeluitslae word in hierdie gedeelte aangebied. Die volledige groendruppeluitslae word in bylaag 2 uiteengesit.

Gedurende Augustus 2023 is die gehalte van die uitvloe van **140** RAWBW regoor die land deur AfriForum se takke getoets. Daar is gepoog om groendruppeltoetse by 'n verdere vyf RAWBW te onderneem, maar dit was onuitvoerbaar omdat:

- toegang tot Marble Hall, Gansbaai en Hermanus se werke geweier is, hoewel die plaaslike owerheid se toestemming versoek is;
- Bethal se werke onaktief is en rioolwater deur die aanleg vloei sonder dat dit enigsins verwerk word voordat dit in die Blesbokspruit gestort word; en
- geen verwerkte rioolwater by Senekal se werke uitvloeïe nie.

⁹ Department of Water and Sanitation. 2023. *Blue drop watch report 2023*. Besikbaar by <https://ws.dws.gov.za/IRIS/releases/BDWR.pdf>. Geraadpleeg op 12 Oktober 2023.



Figuur 7: Warmbad se RAWBW tydens AfriForum se groendruppelbesoek vir 2023

Op nasionale vlak dui die groendruppeluitslae aan dat slegs **19%** (26 uit 140) van RAWBW se uitvloei aan die minimum standaard vir storting in 'n waterhulpbron voldoen. Die oorgrote meerderheid (**81%**, 114 uit 140) RAWBW se uitvloei is nie op standaard nie.

Die eenvoudige afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat hierdie RAWBW nie behoorlik funksioneer nie en die uitloop wat in riviere gestort word, besoedel is met bakterieë en/of chemikalieë wat ernstige gesondheidsrisiko's inhou. Dit is 'n reuseprobleem omdat hierdie riviere se besoedelde water in die meeste gevalle verder stroomaf weer gebruik moet word om dorpe van drinkwater te voorsien of vir landboudoeleindes aan te wend.

Die provinsies wat die slegste gevaar het, waar **geen** groendruppeltoetse aangedui het dat verwerkte rioolwater aan die standaard voldoen nie, is:


- Oos-Kaap (6 toetse)
- Vrystaat (15 toetse)


Selfs in die Wes-Kaap, wat die beste gevaar het met 48% van groendruppeltoetse wat aandui dat verwerkte rioolwater op standaard is, het die meerderheid nie aan die standaard voldoen nie. Wat opmerklik is, is die reusegaping tussen die Wes-Kaap en die ander provinsies: die tweedebeste uitslag is in KwaZulu-Natal behaal, waar slegs 20% van die uitslae (2 uit 10 toetse) aangedui het dat verwerkte rioolwater aan die standaard voldoen, gevolg deur Noordwes in die derde plek, waar verwerkte rioolwater in slegs 17% van gevalle (4 uit 23 toetse) aan die standaard voldoen het.

'n Opsomming van die uitslae per provinsie word in Tabel 4 en die kaarte in Figuur 8 en Figuur 9 hieronder uiteengesit.

Tabel 4: Groendruppeluitslae per provinsie


PROVINSIE	Aantal toetse	Aantal skoon	Aantal besoedel	% Skoon	% Besoedel
Limpopo	10	1	9	10%	90%
Gauteng	15	1	14	7%	93%
Mpumalanga	16	1	15	6%	94%
Vrystaat	15	0	15	0%	100%
Noordwes	23	4	19	17%	83%
KwaZulu-Natal	10	2	8	20%	80%
Noord-Kaap	12	1	11	8%	92%
Oos-Kaap	6	0	6	0%	100%
Wes-Kaap	33	16	17	48%	52%
Nasionaal	140	26	114	19%	81%

Figuur 8: % Groendruppeltoetse per provinsie wat **skoon** verwerkte rioolwater aandui



Figuur 9: % Groendruppeltoetse per provinsie wat **besoedelde** verwerkte rioolwater aandui

Die groendruppeluitslae van 2019–2022 word ook in hierdie verslag vervat sodat dit met die 2023-uitslae vergelyk kan word. Vorige jare (2013–2018) se uitslae kan beskikbaar gestel word op versoek. In Grafiek 2 word die groendruppeluitslae van die afgelope vyf jaar (2019–2023) aangedui.



Grafiek 2: Groendruppel- (rioolwater) uitslae vir 2019–2023

Hoewel dit nie duidelik sigbaar is vanaf Grafiek 2 hierbo nie, omdat daar aansienlik minder groendruppeltoetse in 2022 (95 toetse) as in 2021 en 2023 (140 toetse elk) uitgevoer is en wat die grafiek skeeftrek, dui 2023 se uitslae slegs op die derde swakste prestasie gedurende die afgelope vyf jaar. Die persentasie toetse wat in die voorafgaande jare nie aan die standaard voldoen het nie, is:

- 2019: 59%

- 2020: 78%
- 2021: 86%
- 2022: 93%
- 2023: 81%.

Dit is egter duidelik dat daar in die afgelope vyf jaar weinig, indien enige, verbetering in die prestasie van RAWBW in Suid-Afrika was en dat hulle steeds baie swak bedryf word.



VERGELYKING MET DWS SE GROENDRUPPELUITSLAE

Die DWS se interim-groendruppelverslag wat in Junie 2023 bekendgemaak is, toon die volgende resultate ten opsigte van 'n steekproef van 334 munisipale RAWBW (uit 'n totaal van 850 werke regoor die land) wat geassesseer is:¹⁰

- Al 334 munisipale RAWBW, versprei oor elk van die nege provinsies, is in 2022 in 'n kritieke toestand verklaar en het groendruppeltellings van onder 31% ontvang.
- Die provinsies wat die slegste gevaar het, met die grootste aantal werke wat in 'n kritieke toestand verkeer, is:
 - Limpopo (78% van werke)
 - Noord-Kaap (76% van werke)
 - Noordwes (69% van werke)
 - Vrystaat (67% van werke)
- Die munisipaliteite waar hierdie werke geleë is, is onder regulatoriese waarneming geplaas ingevolge die Wet op Waterdienste (Wet 108 van 1997).
- Die DWS het nie-voldoeningsbriewe aan elk van die betrokke 334 waterdienste-instellings gestuur. Op hulle beurt het slegs 168 van die 334 waterdienste-instellings "Corrective action plans" by die DWS ingedien. Hiervan het 43 waterdiensowerhede ondersteuning van die DWS versoek en 'n skamele 34 van die 168 "corrective action plans" is ten tyde van die bekendstelling van die interim-groendruppelverslag geïmplementeer. Die ander is óf in

die beplanningsfase óf het geen vordering rapporteer nie.

- Van die uitdagings wat die DWS geïdentifiseer het wat 'n negatiewe invloed op die verbetering van hierdie RAWBW het, sluit onder meer befondsingsbeperkings, vandalisme en diefstal, gebrek aan samewerking van munisipaliteite, en voortdurende agteruitgang van infrastruktuur in.

Ten spyte van hierdie kommerwekkende bevindinge het Senzo Mchunu, Minister van Water en Sanitasie, gesê dat hy nietemin bemoedig is deur die 2022/23-verslag. Dit nadat munisipaliteite reeds in 2022 gewaarsku is om hulle spreekwoordelike huise in orde te kry en onmiddellik te begin met instandhouding en opknappingswerk. Soos die verslag uitwys, is die hoeveelheid munisipaliteite wat 'n jaar later wel aan die versoek gehoor gegee het, nie naastenby genoeg om 'n daadwerklike verbetering voort te bring nie. Hierdeur word die regering se ontkenning van die erns van die krisis en onbereidwilligheid om daadwerklik op te tree om dit op te los, net verder beklemtoon.

AfriForum se 2023-groendruppeluitslae weerspieël ook hierdie duister vooruitsig ten opsigte van Suid-Afrika se uiters gebrekkige rioolbestuur. Gegewe die DWS se groendruppeluitslae dat elk van die 334 RAWBW in 'n kritieke toestand verkeer, met noodsaaklike herstelwerk wat agterweë bly, is die verwagting dat die besoedeling van waterhulpbronne met onverwerkte riool selfs verder gaan toeneem in die toekoms, tensy daar dringend en ingrypend opgetree word.

¹⁰ Department of Water and Sanitation. 2023. *Green drop watch report 2023*. Besikbaar by <https://ws.dws.gov.za/IRIS/releases/GDWR.pdf>. Geraadpleeg op 12 Oktober 2023.

AKSIEPLAN

AfriForum onderneem al tien jaar lank, sedert 2013, sy onafhanklike blou-en-groendruppelprojek. Hiermee beskik AfriForum oor 'n databasis van waardevolle, eerste-handse data en maak dit AfriForum 'n belangrike rolspeler in gesprekke en navorsing oor die stand van Suid-Afrika se drinkwater- en rioolwatergehalte.

Die publiek word deur AfriForum se blou-en-groendruppelverslag toegerus met kennis oor hulle plaaslike toestande, wat bydra tot deursigtigheid en 'n ingeligte en aktiewe burgers. AfriForum se takke word aangemoedig om selfdoenprojekte van stapel te stuur sodat gemeenskappe self probleme kan oplos wat deur swak munisipale dienslewering veroorsaak word.

Aangesien die DWS die amptelike, nasionale blou-en-groendruppelprojek in 2022 hervat het, is AfriForum se benadering om 'n moniterings- en waghondfunksie te vervul.

Hiermee verkry AfriForum die geleentheid om op verskillende maniere met die regering in gesprek te tree:

- Tydens die bekendstelling van die projek word munisipaliteite versoek om met AfriForum saam te werk.
- Munisipaliteite wat nie aan die relevante drink- en rioolwatergehaltestandaarde voldoen het nie, gaan skriftelik in kennis gestel word daarvan. Hierdie munisipaliteite gaan versoek word om omvattende aksieplanne voor te lê, wat aandui hoe en teen watter datum stappe gedoen gaan word om aan die relevante gehaltestandaarde te voldoen.
- Terselfdertyd gaan AfriForum, sover moontlik, aksielyste om watergehalte te verbeter, opstel en aan munisipale bestuurders oorhandig.
- Met die bekendstelling van die resultate wat in hierdie verslag vervat word, gaan AfriForum 'n versoek aan die Minister van Water en Sanitasie rig om 'n vergadering te belê om –

- die bevindinge van die verslag te bespreek;
- die minister te versoek om bekend te maak watter munisipaliteite wat direkteiewe ontvang het, steeds nie daaraan voldoen het nie; en
- die minister te versoek om dringend die munisipaliteite wat al jare lank ons waterbronne besoedel, tot verantwoording te roep.

Om nakoming te bevorder, word die volgende gedoen:

- AfriForum sal regstappe oorweeg teen munisipaliteite wat versuim om die probleme op te los. Die moontlikheid bestaan selfs dat strafregtelike klagte teen die administratiewe amptenare aanhangig gemaak en die roete van privaat vervolging gevolg kan word.
- Waar munisipaliteite versuim om probleme ten opsigte van gebrekkige RAWBW reg te stel, word hierdie uitslae aan die Groen Skerpioene oorhandig vir verdere ondersoek en moontlike vervolging.

In 2024 sal AfriForum se blou-en-groendruppeluitslae vir 2023 ten opsigte van swak drink- en rioolwatergehalte weer soos voorheen tydens die openbaredeelnamesproses vir geïntegreerde ontwikkelingsplanne (GOP) onder die betrokke munisipaliteite se aandag gebring word. Op dié wyse wil AfriForum verseker dat munisipaliteite in die komende finansiële jaar voldoende begroot om drink- en rioolwaterinfrastruktuur en dienste doeltreffend te bestuur.

AfriForum poog om elke jaar die kwaliteit en omvang van die blou-en-groendruppelprojek te verbeter. Die 2023-verslag sal as standaard gebruik word om in 2024 op voort te bou.

Ons vertrou dat die regering, van nasionale tot plaaslike vlak, sal saamwerk om hierdie belangrike kwessies op te los om sodoende 'n veilige, gesonde omgewing vir almal in Suid-Afrika te verseker.

SAMEVATTING

Die blou-en-groendruppeluitslae vir 2023 gee AfriForum rede tot kommer oor die algehele toestand van die bestuur van die volledige watervoorsieningsketting in Suid-Afrika.

Die 2023-blou- en groendruppeluitslae toon dat hoewel munisipale drinkwater meestal veilig is vir menslike gebruik, met 96% van al die blou- en groendruppeltoetse op nasionale vlak wat op standaard was, die drinkwater van agt dorpe nie aan die standarde vir veilige drinkwater voldoen het nie. Hierdie uitslae is vergelykbaar met AfriForum se blou- en groendruppeluitslae van vorige jare. Drinkwater wat nie aan die toepaslike standarde voldoen nie, kan lewensgevaarlik wees en enige verswakking in die bestuur van drinkwaterstelsels verhoog die risiko dat Suid-Afrikans aan onveilige drinkwater blootgestel word.

Dit is belangrik om daarop te let dat drinkwatermonsters slegs op plekke geneem is waar AfriForum takke het en dat die uitslae slegs geld ten opsigte van die tydperk waarop die monster geneem is.

Die 2023-groendruppeluitslae dui op die kommerwekkende toestand van die (wan)bestuur van Suid-Afrika se behandelde rioolafvalwater. In vergelyking met AfriForum se groendruppeluitslae van die voorafgaande twee jaar was daar nie 'n beduidende verandering in die totale persentasie verwerkte rioolwatermonsters wat nie aan die relevante standarde voldoen het nie. Slegs 19% van die verwerkte rioolwatermonsters het in 2023 aan die relevante standarde voldoen, wat beteken dat die water wat RAWBW in riviere stort, in 81% van die gevalle onvoldoende behandeling (indien enigsins) ontvang het.

Die omvang van rioolbesoedeling wat dwarsoor Suid-Afrika voorkom, kan toegeskryf word aan 'n gebrek aan doeltreffende infrastruktuurinstandhouding en -bestuur. 'n Verdere probleem wat toenemend begin voorkom, veral in Gauteng se metrogebiede, is dat bestaande RAWBW nie oor voldoende vermoë beskik om stygende volumes rioolwater te behandel nie. Gevolglik word al hoe meer rioolwater sonder behandeling in riviere gestort.

